UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
UNIVERSITY OF STELLENBOSCH

Kantoor van die Rektor en Vise-kanselier
Office of the Rector and Vice Chancellor

TEL.: 774490/774654

STELLENBOSCH
7600
SUID-AFRIKA / SOUTH AFRICA

VERW./REF.:

3 Mei 1989

VERKLARING DEUR DIE REKTOR EN VISE-KANSELIER, PROF M J DE VRIES:

Die konsert deur die Voëlvrygroep sal ingevolge 'n besluit van die Universiteit nie op die kampus van die US en ook nie op 12 Mei as deel van die Fees van die Kunste aangebied word nie. Die Fees van die Kunste word deur die Studenteraad georganiseer en met amptelike goedkeuring van die Universiteit aangebied.

Die Universiteit stel 'n hoë premie op goeie maniere en verfyndheid van optrede. As hy sou toelaat dat hierdie aanbieding op sy kampus plaasvind, sou dit dié strewe beslis skade aandoen.

SAHA